HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

8 Augustus 2024

OMSENDBRIEF 22/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnies

1. **Interskole:** Wat ‘n oorwinning! Die Bonnies het met mening onder die Curro-spanne ingeklim by die afgelope Saterdag se interskole. Ons het skoonskip gemaak met ‘n telling van 45-9 vir die dag se sport. Twee dinge het vir my uitgestaan van die Bonnies: Hulle veggees tot die einde van elke wedstryd. Al het hulle ver voorgeloop het ons spelers net nie ophou punte aanteken of gaan lê nie. Julle was baie goed voorberei, Bonnies! Tweedens: ons leerders se gedrag. Ek het talle komplimente van Curro se personeel ontvang vir ons kinders se mooi maniere en is meer as een keer gevra hoekom ons kinders so vriendelik is. Hierdie hoof is baie trots! Welgedaan aan die hele HSB-familie en elkeen wat ‘n bydrae gemaak het, hoe klein, of hoe groot ook al.
   Ouers van B-spanspelers, ons is saam met julle frustreerd dat al die B-spanne nie kans gekry het vir wedstryde nie. Ons sportorganiseerders het regtig hard gesoek vir wedstryde vir ons B-spanne ook, maar ander skole het ook óf hulle interskole gehad Saterdag, óf was reeds vas vir sport. Hierdie item is reeds op ons Beheerliggaam se agenda en sal by ons volgende vergadering bespreek word.

	Maks punte	Telling BO	Telling CU	Wenner	BO Punte	CU Punte
Netbal 7A	2	9	0	BO	2	0
Netbal 8A	2	11	0	BO	2	0
Netbal 9A	2	14	2	BO	2	0
Netbal 10A	2	16	4	BO	2	0
Netbal 11A	2	14	2	BO	2	0
Netbal 12A	2	21	1	BO	2	0
Netbal 14A	2	15	15	Gelyk	1	1
Netbal 16B vs CU 15B	2	21	10	BO	2	0
Netbal 14B	2	13	10	BO	2	0
Netbal 19B vs CU 17A	2	26	12	BO	2	0
Netbal 16A vs CU 15A	2	25	15	BO	2	0
Netbal 17B	2	14	6	BO	2	0
Rugby 7A	2	4	2	BO	2	0
Rugby 8A	2	4	2	BO	2	0
Rugby 9A	2	3	1	BO	2	0
Rugby 11A	2	29	10	BO	2	0
Rugby 15A	2	52	0	BO	2	0
Skaak	**4**	14	18	CU	0	4
Netbal 13A	**4**	29	7	BO	4	0
Rugby 13A	**4**	55	3	BO	4	0
Netbal 19A	**4**	31	23	CU	0	4
Rugby 19A	**4**	46	30	BO	4	0
Totaal	**54**				**45**	**9**

2. **Sportuitslae vs. LS Swellendam, 6 Aug.:**

Netbal			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
7 B	4	1	W
7 A	9	3	W
8 B	1	0	W
8 A	4	0	W
9 B	0	10	V
9 A	2	10	V
10 B	5	6	V
10 A	4	7	V
11 B	8	6	W
11 A	10	3	W
12 B	3	9	V
12 A	1	12	V
13 B	3	12	V
13 A	19	26	V

Rugby			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
7 B	3	4	V
7 A	0	9	V
8 B	0	8	V
8 A	1	5	V
9 B	4	1	W
9 A	3	0	W
11	33	0	W
13	21	26	V

3. **Sportuitslae vs. Ashton Sekondêr, 7 Aug.:**

Netbal			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
16 A	12	9	W
19 B	17	7	W
19 C	19	17	W

Rugby			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
15 A	12	10	W
17 A	8	22	V
19 A	26	12	W

Skaak		
PUNTE VIR	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
6	10	V

4. **Aflaai van laerskoolleerders:** Laerskoolouers, ons vra asseblief dat julle die laerskool-Bonnies in die oggende by die laerskool se hek sal aflaai en nie by die hoërskoolgebou nie. Ons is net versigtig vir dissiplinêre uitdagings met die kleiner leerders wat tussen die hoërskoolleerders rond beweeg terwyl al die personeel nog nie by die skool is nie. Die laerskool se hek is van 7:00 af oop in die oggende. Mnr. Hattingh is reeds vroeg daar vir skolierpatrolliediens en kan noodgevalle hanteer en ons terreinpersoneel is ook reeds van 7:00 by die skool en sal ook kan help as iets dringend gebeur.

5. **Rugbyproewe:** Ons sê voorspoed aan **Eltino Cloete** en **Jumaro Fortuin** wat Vrydag en Saterdag aan die finale Boland o.12-rugbyproewe in Bredasdorp gaan deelneem. Sterkte, manne!

6. **Studiebeurs:** Ons is baie opgewonde oor **Mukelani Dube** (gr. 12) wat ‘n volledige beurs vir sy eerstejaarstudies in 2025 vanaf Schletter Solar (South Africa) (Pty) Ltd (www.schletter-group.com) ontvang het. Mukelani stel belang in data- en rekenaarwetenskap en wil volgende jaar verder in hierdie spesifieke rigtings studeer. Hy het met die hulp van Bonnnievale 418 aansoek gedoen om by verskillende tersiêre instellings in 2025 te studeer, en hy oorweeg tans nog sy opsies. Baie geluk, Mukelani!

7. **Eksamenrooster:** Die matrieks se eksamenrooster vir die rekordeksamen is vandag aan hulle uitgedeel. Ouers, maak asseblief seker dat u ook die rooster het sodat u kan dophou dat u kind hard leer.

8. **Waarde van die maand**: Die skool het 12 Bonnie-waardes geïdentifiseer waarmee ons ons leerders vir die toekoms wil toerus en om te help dat hulle ons gemeenskap, ons land en die wêreld ‘n beter plek kan maak. Die waarde van Augustus is **lojaliteit**. Die HAT definieer lojaliteit as “trou teenoor ‘n saak of persone waarteenoor ‘n mens ‘n verbintenis of verpligting het.” Voorbeelde hiervan is om lojaal teenoor jou skool, jou ouers en jou vriende te wees. Dit beteken jy sal nie die skool, jou ouers of jou vriende in die steek laat nie. Ons doen ‘n beroep op ons ouers om ook hierdie belangrike waarde met jul kinders te deel en by u huis te onderrig.

9. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Vr. 9 Aug.	Openbare vakansiedag: Vrouedag (skole gesluit)
Di. 13 Aug.	Hoërskoolredenaars Laerskoolsport vs. Wakkerstroom-Wes (tuis) SBL Dissiplinêre Komitee vergader 18:00
Wo. 14 Aug.	Laerskoolredenaars VRL Oscars-aand Skaak vs. Jakes Gerwel Tegnies (tuis) Aansoeke vir gr. 2 tot 7 en gr. 9-12 2025 sluit
Do. 15 Aug.	Sportfoto’s word geneem
Vr. 16 Aug.	Gr. 7-uitstappie Hoërskoolsport vs. Jakes Gerwel Tegnies (tuis)
Ma. 19 Aug.	Ratem Eisteddfod te Riversdal (tot Do. 22 Aug.) Gr. 12 NSS Engelsmondelingmoderering Personeelontwikkeling 14:45 SBL Finansiële Komitee vergader 17:00
Do. 22 Aug.	Mev. Alma Hamersma verjaar
Vr. 23 Aug.	Gr. 12-rekordeksamen begin Gr. 6-uitstappie Leierskapskursus vir leerders 13:00
So. 25 Aug.	Juf. Gerda Liebenberg verjaar
Di. 27 Aug.	SBL-vergadering
Sa. 31 Aug.	LS Ashton Pikkie Sportdag
Do. 12 Sep.	Juf. Adéle le Roux verjaar
Vr. 13 Sep.	Swellendam aflosbyeenkoms

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

“Agter elke suksesvolle man, is daar ‘n vrou.”
- Mark Twain (Amerikaanse skrywer)